

Hoe kan dit beheer word?

Reinette Gouws, ARC-Roodeplaat

Daar is 'n paar probleme wat bakteriese siektes betref wat spesifiek deur miniknolprodusente ondervind word. Soms bestaan hierdie probleme juis as gevolg van die 'grondlose' tegniek wat gebruik word en in ander gevalle kom hierdie probleme voor omdat daar van 'n beskermde omgewing in die tunnel of groeikamer gebruik gemaak word.

Die plantpopulasies in so 'n tunnel is gewoonlik baie hoog en word tot 'n groot mate deur die beskikbare spasie beperk. Sommige virusse, blaarsiektes, stam- en vrugvrot, wortelvrot en ander siektes kan in sulke toestande floreer. Veral bakteriese siektes veroorsaak probleme in hierdie toestande bv. erwinia sagtevrot. Hierdie organisme kan teenwoordig wees in water, groei-medium en selfs in die lug. Juis daarom is dit baie belangrik dat die basiese gewasproduksiebeginsels toegepas word en geïntegreerde beheerstrategieë gevolg word. Wat behels so 'n strategie?

Oprigting van strukture

Een van die eerste stappe wat produsente in gedagte moet hou is van toepassing reeds in die beplanningsfase. Hoe en waar die struktuur opgerig word en watter ontwerp gekies word, speel 'n groot rol in siektebeheer. Hou veral die volgende punte in gedagte wan-

neer u die beplanning doen:

- Goeie dreinerings. Dit voorkom onnodige ophoping van water waarin bakteriese siektes kan vermeerder.
- Maak seker dat die struktuur nie opgerig word waar geboue, bome of ander plante skadu oor die tunnel gooi nie. Dit kan 'n dramatiese effek op die temperatuur in die tunnel hê.
- Vinnige toegang tot kantore en leefruimtes.
- Goeie lug- en waterkwaliteit.
- Goeie ventilasie.
- Gereelde lugbeweging en sirkulasie met behulp van 'n waaier.

Ex-vitro plantjies

Maak gebruik van streng sanitasiemaatreëls wanneer u plantjies kweek of aankoop:

- Geen ander plante, en dit sluit onkruid in, mag in die tunnel toegelaat word nie. Sulke plante kan bakteriese siektes



Was hande gereeld om siekteverspreiding te verhoed.

na die gesonde plantjies oordra en sodoen- de infeksie veroorsaak nog voordat daar geplant word.

- Koop alle plantjies aan by instansies met 'n goeie reputasie waar vasgestelde sanitasie praktyke aan die orde van die dag is.
- Plantjies van verskillende bronne moet sover moontlik apart gehou word om kruiskontaminasie te voorkom, m.a.w. oordrag van siektes van een lot na 'n ander.
- Maak gebruik van seep en 'n 5% JIK oplossing om hande en gereedskap mee af te spoel

voordat daar met plantjies gewerk word. Hierdie praktyk is ook van toepassing wanneer daar met verskillende lotte plantjies gewerk word.

- Vermy die inbring van ongesteëliseerde grond en groei-medium d.m.v. skoene, gereedskap en voorraad deur gebruik te maak van 'n voetbad by die ingang en/of uitgang van die tunnel. Die meeste van hierdie beginsels geld ook vir die gewasproduksie in die tunnel.

vervolg op bl 46

BAKTERIESE SIEKTES IN TONNELS

Gewasproduksie in die tunnel

- Voordat die plantjies uitgeplant word in die tunnel is dit noodsaaklik dat die groeimedium ook getoets word. Gekontameneerde groeimedium kan 'n mis-oes tot gevolg hê al is die saailinge gesond en die sanitasiepraktyke in plek. Dit is ook belangrik om die water te toets omdat dit 'n groot bron van siektes kan wees, veral vir bakteriese siektes. Stuur hierdie monsters na die naaste laboratorium of diagnostiese diensverskaffer (LNR Roodeplaat).
- Maak ook seker dat die relatiewe humiditeit in die tunnel so laag as moontlik bly. 'n Hoë relatiewe humiditeit verhoog die kans op bakteriese siekte-infeksie.
- Bedek die grondoppervlak met plastiek (wit, indien moontlik) om besmetting van die grond af te beperk. Daar kan ook gebruik gemaak word van betonpaadjies tussen plantjies.
- Vermy opdamming van water. Sulke poele water wat tussen die plantrye opdam is groot bronne van infeksie.
- Probeer om deurentyd vars lug te sirkuleer vir goeie ventilasie.
- Identifiseer probleme so gou as moontlik. Dit sluit in: siektes, insekte, voeding en groei-probleme.
- Verwyder gereeld alle siek blare, miniknolle of heel plante om verspreiding van siektes te voorkom.
- Verwyder alle plantreste so gou as moontlik, dit is ook 'n bron van siektes wat die gesonde plante kan beïnvloed.

Na-oes sanitasie praktyke

- Verwyder alle plantmateriaal en wortels uit die tunnel en verbrand of begrawe.
- Was alle oppervlaktes en gereedskap met water en 'n geskikte saniteerder.
- Gedurende die warm somermaande solariseer die tunnel indien moontlik deur die mure te benat en dit dan vir twee weke toe te laat staan.

Al hierdie prosedures word aanbeveel om tunnelprodusente te help om:

- Die risiko van siektevoorkoms te verlaag.
- Die vernietigende effek van ernstige siektes te verminder en die gebruik van omgewingsonvriendelike chemikalieë te verminder. Dit is baie belangrik dat chemikalieë en selfs biologiese beheerprodukte slegs aangewend word soos aanbeveel op die etiket om effektiwiteit te verseker.



Regs bo:
Saniteer alle gereedskap soos sneeiskere gereeld.

Regs: Gebruik hoëdruk spuite soos hierdie om strukture skoon te hou.

